

BOEKRESENSIES

F E Deist en J H le Roux. *Rewolusie en reïnterpretasie* (Die literatuur van die Ou Testament Deel 4), Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad 1987, 193 pp. Prys R29,50

In hierdie vierde deel in die reeks "die literatuur van die Ou Testament" word 'n belangrike en sensitiewe saak aangespreek. Dit gaan naamlik om "geskiedenis" en daarmee saam die interpretasie en aanwending van die literatuur van die Ou Testament om 'n geskiedenis van Israel te skryf.

Baie lank reeds word daar toegegee dat die Bybel nie 'n wetenskaplike handboek is wat allerlei natuurwetenskaplike vrae of aardrykskundige sake of selfs volledige historiese gegewens aanspreek nie. Dit is 'n boek wat handel oor God as Skepper van die heelal, die Onderhouer van alles en almal en die Een wat besondere bemoeienis maak met die mens. Nou wil dit voorkom asof daar makliker verby beweeg is by die punt dat die Bybel nie eksakte antwoorde verskaf ten opsigte van allerlei natuurwetenskaplike vrae nie, maar dat dit moeiliker gaan wanneer dit kom by die "historiese sy" daarvan. Hoe moet die "geskiedenis" in en van die Bybel hanteer word veral wanneer ons bely dat dit *Gods Woord in mensetaal* is? Die Bybelgegewens is immers so onlosmaaklik ingebed in die geskiedenis van 'n bepaalde volk, waarvan daar 'n voorgeskiedenis en nóg 'n voorgeschiedenis is.

Soos daar verwag kan word van twee outeurs van formaat soos Deist en Le Roux, word daar in hierdie netjiese slapbandboek op 'n skerp en prikkelende wyse omgegaan met 'n onderwerp wat moeilik ten volle opgeklaar kan word. Op wetenskaplik verantwoorde wyse word daar eers gekyk na verskillende strominge in die geskiedskrywing deur die eeue en dan 'n moontlike model of resep vir die skryf van 'n geskiedenis aangedui. Daarna word dit geïllustreer met twee grepe uit die geskiedenis van Israel, wat getipeer word as 'n tyd van verandering — 'n samelewingsgeskiedenis (900–800 vC) — en 'n tyd toe haar teologie in die krisis verkeer het — 'n teologiegeskiedenis (ongeveer 700–500 vC).

In die eerste hoofstuk (F E Deist) word eers belangrike inligting verskaf ten opsigte van geskiedskrywing tot met die Middeleeue. In die "voorhistoriese geskiedskrywing" word netjies onderskei tussen 'n mite en 'n sage, terwyl daar in die "historiese geskiedskrywing" aangedag gegee word aan annalistiek en die meer beskrywende of handelingsgeskiedenis. Die beweging vanaf 'n voorkritiese na 'n meer kritiese fase word duidelik aangedui. Wanneer die tydperk vóór en ná die Verligting hanteer word, kom 'n reeks sake aan die orde soos onder andere rasionalisme en naturalisme, die romantiek, idealisme en historisme. Die probleme van objektiwiteit, reduksionisme, determinisme en relativisme word aangespreek. So word ten opsigte van geskiedfilosofiese aannames verantwoording gedoen waarop die skrywers in hierdie boek hulle mettertyd beroep.

Dit lei in hoofstuk 2 (Deist) na die daarstelling van 'n moontlike model waarvolgens 'n geskiedenis van Israel geskryf kan word: "geen geskiedenis kan geskryf word sonder dat dit binne die een of ander teoretiese raamwerk geplaas word nie ... en geen geskiedenis van 'n samelewing kan geskryf word sonder dat die een of ander samelewingsmodel ... as raamwerk vir die interpretasie gebruik word nie ... Elke geskiedenis is 'n teoriebemiddelde verhaal oor die verlede en kritiseerbaar ten opsigte van die veronderstelde teorie/model, die gebruik van sy bronne en die logika van sy argument. 'n Geskiedenis is nie soseer 'waar' of 'vals' nie, maar wel 'oortuigend' of 'onoortuigend'" (p 45). Soos in hierdie aanhaling aangedui, word die geskiedenis hanteer as 'n voortgaande proses waarin die identifikasie van en hantering van verskillende bronne (primêre skriftelike bronne sowel as argeologiese gegewens) uiters belangrik is, as die keuse van die raamwerk waarbinne dit geplaas word.

In hoofstuk 3 (Deist) kom die geskiedenis van Israel in 'n tyd van verandering aan die orde, terwyl die "Teologie in 'n krisis" in hoofstuk 4 (J H le Roux) ontleed word.

Dat 'n magdom waardevolle inligting in hierdie boek verskaf word, is baie duidelik. Dat die outeurs die twee periodes op 'n skerp en prikkelende wyse aanbied — sodanig dat 'n mens die boek nie neersit voordat jy dit klaar gelees het nie — moet onomwonde gesê word. Elkeen wat belangstel in hierdie faset van die literatuur van die Ou Testament moet hierdie boek deurwerk, al is dit net ter wille van die debat wat hiermee aan die gang kom.

Maar dat daar 'n sekere onbehae kan wees by die deurwerk hiervan, is ook duidelik. Moontlik is dit vanweë 'n ander raamwerk waaruit na die geskiedenis gegaan word. Die uniekheid van die Bybel as bron en die bedoeling, of boodskap, daarvan kom nie duidelik deur nie. Hier gaan dit nie soseer om wat gesê word nie, maar om wat nie gesê word nie. Die *mensetaal* waarin alles staan, is so oorheersend dat die *Gods Woord* daaragter nie gehoor word nie. Die werk is so analities dat daar gesoek word na 'n sintese ten opsigte van die vraag waarom die Ou Testament juis só die geskiedenis aanbied. In die seleksie van hulle bronne vir die geskiedenis gaan die outeurs met groot gemak — of is dit te gemaklik? — met hulle stof om, maar dit is nie oral heeltemal oortuigend nie. Die byhaal byvoorbeeld van Deuteronomium in die tydperk van die Nimsiede (845–787 vC) is 'n interessante aanpak (p 89 vv), maar wek nog baie vrae. Om die voorspraak van Abraham vir Sodom en Gomorra (Gen 18:22–33) ewe gemaklik te koppel aan die tyd van die inname van Jerusalem, met die teologiese vrae daaromheen, is te geforseerd om heeltemal te oortuig (vgl p 113 v).

Tog beveel ek hierdie boek graag as 'n waardevolle bydrae op 'n terrein waarop nog baie gedoen moet word. Dit kan elke predikant en student tot belangrike nadenke stem en tot hernude studie beweeg.

M H O Kloppers

Allen P Ross, *Creation & blessing. A guide to the study and exposition of Genesis*, Baker, Grand Rapids 1988, 744 pp.

Creation and blessing is volgens die skrywer nie 'n kommentaar op Genesis nie, maar 'n gids tot die studie van die boek. Hy sê hy het die boek geskryf sodat die leser bewus kan word van die belangrikste literêre en teologiese motiewe wat uiteindelik die teologiese idees in die verhalende vorm, en om te toon hoe hierdie teologiese idees tot duidelike en akkurate uitleg ontwikkel kan word. Dit is dus nie 'n vers-vir-vers uitleg nie, maar elke perikoop word volgens die “literêre en teologiese motiewe” in die eenheid verklaar. Omdat Genesis God se openbaring is, moet daar naas die akademiese vrae ook gevra word na die “theologically applicable truths”, maar op so 'n wyse dat die indruk nie geskep word dat daar 'n mistieke betekenis in die teks verskuil is nie.

In die Inleiding gee hy 'n kort oorsig oor benaderings tot Genesis. Daaronder bespreek hy die literêr-kritiese benadering van Austruc af tot by Wellhausen, die vorm-kritiese benadering van Gunkel, die tradisie-historiese benadering en die “rhetorical-critical” benadering. In die oorsig is daar egter 'n opvallende gebrek aan inligting oor die jongste standpunte. Sy aanvalle op hierdie metodes lyk plek-plek na 'n Don Quijote wat windmeulens bestorm: Die feit dat daar deesdae in literêr-kritiese kringe nie meer van “bronne” gepraat word nie, maar eerder van 'n gelaagtheid van stof, word nêrens vermeld nie. Nog minder word 'n woord geryp van die geweldige bydrae wat die Duitse vormkritiese en tradisie-historiese studies gelewer het in die omverwerping van die ou Wellhausiaanse teorie. Die besondere bydrae van die redaksie-analitiese metode word totaal verswyg. In die bespreking van die vorm-kritiese metode word daar vasgesteek by Gunkel, en oor die *Sitz im Leben* gepraat asof daar nie intussen 'n genuanseerdheid ingetree het met *Sitz in den Reden*, *Sitz in der Liturgie* en *Sitz in der Literatur* nie. By die bespreking van die tradisie-historiese metode maak hy geen onderskeid tussen oortewerings-histories, tradisie-histories en die Skandinawiese mondelinge oorteweringshipoteses nie. Geen woord word geryp van die monumentale bydraes

wat persone soos Von Rad, Noth en Gese op die tradisie-historiese terrein gelewer het nie.

Daarteenoor oorbeklemtoon hy die bydraes van die argeologie en die "rhetorical" metode. Die groot tekortkomings van die argeologiese invalshoek (vgl J M Miller, *The Old Testament and the historian*) word nêrens in berekening gebring nie. Alhoewel hy enkele gevare van die "rhetorical" metode uitwys, laat hy na om te vermeld dat struktuur dikwels maar die invalshoek van die eksegeet self is.

Met sulke tekortkomings in die basiese benadering tot die stof, is daar alreeds 'n groot wantroue by die leser wakker gemaak.

Veral by 'n boek oor Genesis is dit noodsaaklik dat die outeur die jongste beskouings oor die Pentateugvraagstuk reg begryp. Hier ontbreek dit egter. So byvoorbeeld word daar — sonder veel aandag aan al die probleme rondom 'n Mosaïese outeurskap — eenvoudig uitgegaan van die standpunt dat Moses ou tradisies versamel het en die Pentateug geskryf het. Daarmee word die brandende vrae natuurlik gemaklikheidshalwe vermy.

Die skrywer bepleit 'n bepaalde metode waarvolgens die boek Genesis uitgeleë moet word. Hy is van mening dat die metode moet voldoen aan kritiese, eksegetiese en ortodokse vereistes. Met "krities" bedoel hy klem op die aard, doel en samestelling van die teks; met "eksegeties" bedoel hy dat die Hebreeuse teks gebruik moet word; en met "ortodoks" bedoel hy die aanvaarding dat die Skrif gesagvol is. Verder moet die metode klem lê op literêre en teologiese oorwegings. Gaandeweg blyk dit dat hy met "literêr" ook 'n eie betekenis in gedagte het.

Die stappe in die metode wat hy voorstaan, omvat: "determination of the literary unit", "appraisal of the narrative", "resolution of critical matters", "philological studies", "literary analysis", "grammatical and syntactical analysis" en "exegetical synthesis". Daarna volg ook nog: "development of the theology", "development of exposition" en "application of the lesson" wat streng gesproke by die predikgende tuishoort. Op die oog af kan 'n mens met hierdie stappe saamstem, behalwe vir die probleem dat die historiese aspek oor die hoof gesien word. Wat egter kwel, is dat die stappe weer eens 'n ander betekenislading het as wat ons sou verwag. Dit blyk wanneer 'n mens na sy toepassing hiervan op Genesis gaan kyk (vgl hieronder).

By die bespreking van die aard van Genesis weerlê hy die opvatting dat daar enige mites of etologiese in Genesis is en konkludeer: "The New Testament assures the reader that the Old Testament presents actual events" (p 54). Hy meen die Bybel se weergawe van gebeurtenisse is "a unique distillation of history" wat nie soseer gebeurtenisse rapporteer ter wille van geskiedenis nie, maar om hierdie gebeurtenisse te gebruik as "vehicles for communicating the verities of biblical faith" (p 59). Ten spyte van die talle publikasies wat die teendeel aantoon en sonder dat hy hierdie standpunte selfs maar net noem, beskou hy die tema van die verbond as die sentrale saak in die Bybel. Die vertellings in Genesis is na sy mening geselekteer en teologies geïnterpreteer ten einde hierdie "covenant faith" te verkondig. Wanneer hy "tradisie" in Genesis bespreek, doen hy dit net teen die agtergrond van die vergelykende godsdienste. Hy kom tot die gevolgtrekking dat Genesis die fiksering is van "family traditions" wat van geslag tot geslag oorgelewer is. Getrou aan hierdie manier van Skrifhantering, word daar nie eens na die tradisie wat in Josua 24:2,15 voortleef, verwys nie.

Die komposisie van Genesis sien hy onder die oorkoepelende tema van seën en vloek en die daarmee gepaardgaande tema van goed en kwaad. Die boek word voorts in tien hoofafdelings ingedeel op grond van die voorkoms van die uitdrukking *tôledôt*. So 'n metode vereis natuurlik dat hierdie uitdrukking telkens as die begin van 'n deel gesien moet word en nie as die afsluiting nie. Daarmee kan daar veral ten opsigte van Genesis 2:4 ernstig verskil word. Reeds R K Harrison het hierdie uitdrukking as uitgangspunt vir sy teorie oor die ontstaan van die boek geneem. Tog kan daar ernstige kritiek teen hierdie indelingsbeginsel geopper word.

Die toets vir die geslaagdheid van al die beginsels en uitgangspunte wat tot dusver bespreek is, lê egter in die toepassing daarvan by die **uitleg van die teks**. Die eerste stap in sy metode is die afbakening van perikope. Daarvolgens vind hy dertig sulke eenhede in die boek. Die tekortkoming is egter dat hy nêrens verduidelik wat die kriteria is waarvolgens hy die perikope afbaken nie. Sonder om te sê op grond waarvan hy juis só afbaken, vind hy byvoorbeeld in Genesis 2-3 drie afsonderlike perikope, naamlik 2:4-25, 3:1-7 en 3:8-24. Daarteenoor toon al die aanvaarbare kriteria dat ons hier met 'n deurlopende narratologiese eenheid te doen het wat vanaf 2:4 tot 3:24 strek.. Omdat hier reeds gefouteer is, het die uitleg ook nie tot sy reg gekom nie. Genesis 11:27-12:9 is weer net die omgekeerde. Waar hy dit as een perikop beskouw, dui die toepassing van formele kriteria op twee: Vergelyk die inleidingsformule in 12:1, die wysiging van aktant in 12:1, die konsentriese struktuur van 11:27-32, die interne binding van 12:2-9 teenoor die voorafgaande gedeelte, ensovoorts.

Die wyse waarop hy 'n "literary analysis" maak is ook nie bevredigend nie. Alhoewel hy op bladsy 41 verwys na "literary types", neem hy die vorme nie genoegsaam in ag nie en kom die literêre analise nie voor as 'n aparte hoof by sy uitleg nie. Die naaste wat daaraan kom is die afdeling wat hy "structure" noem. Dié is egter nie op formele kriteria gefundeer nie, maar eerder op teologies-inhoudelike aanvoeling. Die afwesigheid van werklik literêre analise en aandag aan die literêre vorms lei gevolglik tot 'n verskraling in die uitleg. So kon daar aan diepte gewen gewees het as dele soos Genesis 2-3, 4:1-16 en 11:1-9 as verhale herken is en die reëls vir narratologiese stof daarop toegepas is. Genesis 5 is weer 'n geslagsregister. Tog het hy 'n uitlegmetode toegepas wat dit nie in ag neem nie. Sy uitleg is gebaseer op die drie plekke waar daar ander kommentaar bygevoeg is, naamlik vers 1-3, 22 en 29. Talle soortgelyke voorbeelde kan nog voorgehou word.

Deurdat hy telkens eers die "theological ideas" behandel, oorheers die teologiese indrukke die hele uitleg.

Die boek kan van waarde wees vir die persoon wat soek na die boodskap van die dele. Trouens, dit was ook die doel waarom die boek geskrywe is, naamlik om die prediking tot diens te wees. Die gebruiker van die boek sal egter die tekortkomings in die boek baie deeglik moet probeer neutraliseer deur ook ander werke oor Genesis te raadpleeg waar die teologie en boodskap gehou word op die grammatiese, literêre en historiese resultate, eerder dat die teologiese die uitgangspunt vorm vir die teologiese (sic!) uitleg.

W Vosloo

D A Black, *Linguistics for students of New Testament Greek. A survey of basic concepts and applications*, Baker, Grand Rapids 1988, 181 pp.

Ons is as Nuwe-Testamentici in Suid-Afrika baie bevoorreg deurdat ons reeds byna twee dekades aan die moderne linguistiek blootgestel is en dit ook produktief in ons studie van die Nuwe Testament gebruik. Dit was maar sowat 'n kwarteeu gelede wat James Barr se publikasies die lig begin sien en die aandag van eksegete op linguistiese sake begin trek het. Die publikasies op die gebied het eers stadig begin, maar het langamerhand meer geword. Soos dit dikwels gaan, het besprekings ook meer gespesialiseerd geword en is die onderwerp al hoe meer atomies aangepak. Dit het dus baie moeilik geword om die terrein heeltemal te oorskou. Die gewone predikant wat 'n bietjie Grieks ken, kan natuurlik nie al of selfs 'n deel van die literatuur bemeester nie. Tog is daar belangrike linguistiese insigte wat vir hom baie bruikbaar kan wees. Die boek onder bespreking wil dan juis dié insigte binne die bereik van sulke predikante en studente bring.

Daar is twee vrae wat by die bespreking van die boek belangrik is: (i) Wat bied die boek? en (ii) Word dit so aangebied dat die gewone dominee, student of belangstellende daarby kan baat?

(i) **Wat bled die boek?** Die boek volg 'n eenvoudige patroon. Daar is 'n inleidende hoofstuk waarin die vernaamste terme en definisies kortliks aan die leser bekendgestel word. Daarna volg vier hoofstukke wat al die boustukke van taal ("the elements of grammar") afsonderlik bespreek.

Fonologie kom eerste aan die beurt, met 'n verduideliking hoe die verskillende klanke in Grieks funksioneer. Vir iemand wat sukkel met sterk werkwoorde of samesmeltings in Grieks mag hierdie hoofstuk baie dinge verklaar. Daarna word die **morfologie** behandel. Morfeme word ondersoek. 'n Morfeem is "the minimum unit(s) of speech conveying a specific meaning (concept) in a language". Die hele wyse waarop die Griekse woord opgebou word en uiteindelik "betekenis" verwerf, word verduidelik. Vervolgens word na die sintaks gekyk. Hier handel dit om die aannekeaar ryg van woorde om betekenis te konstrueer. Daar word na strukturele betekenis, leksikale en selfs totale linguistiese betekenis gekyk. "Immediate constituent analysis" kom aan die beurt, terwyl noukeurige aandag gegee word aan die Griekse sinspatrone en maniere wat gebruik word om sinne uit te brei. **Semantiek** is die vierde saak wat bespreek word. Hier word sterk binne die grense van prof JP Louw se sienings beweeg, en daar word met lof na prof Louw se publikasie verwys. In die slothoofstuk gee Black kortliks aandag aan historiese en vergelykende linguistiek.

(ii) **Word die materiaal so aangebied dat die student en gewone dolminee daarby kan baat?** Hierdie is een van die duidelikste publikasies wat ek nog op dié terrein teëgekomp het. Die boek word onpretensieus en eenvoudig, maar tog baie duidelik aangebied. Die materiaal word so hanteer dat dit met die eerste lees duidelik is hoe dit 'n mens presies met die lees van Grieks kan help. Daar word ook handige leeslyste na elke hoofstuk gegee. Indien daar dieper op 'n saak ingegaan moet word, het die leser reeds 'n aanduiding waar om te begin. Dit is belangrik, omdat die doel van die boek uiteraard nie is om 'n volledige en gedetailleerde linguistiekboek daar te stel nie. Die aanpak is dan ook so dat sekere grammatikale materiaal in die lig van linguistiese insigte behandel word. Die boek kan dus nie net as grammatika- of net as linguistiekboek aangewend word nie. Die belangrike terrein waar hierdie sake oorvleuel, word gedek.

Hierdie boek kan by elke persoon wat Grieks ken, aanbeveel word.

J G van der Watt

JRW Stott, *The Letters of John. An introduction and commentary*, 2nd ed., Tyndale New Testament Commentaries, Inter-Varsity Press, Leicester 1988, 234 pp. Prys £4,25.

Daar is onlangs besluit om 'n hersiene uitgawe van die *Tyndale New Testament commentaries* die lig te laat sien. Die kommentare is nie nuut oorgeskryf nie, maar oorgewerk. Nuwer navorsing is opgeneem en daar is aanpassings in die teks gemaak waar dit nodig geag is. John Stott wat sowat 'n kwarteeu gelede (1964) vir die eerste uitgawe van die Johannese briewe verantwoordelik was, was ook vir die hersiene uitgawe verantwoordelik.

Die Tyndalekommentare is bekend vir hul eenvoudige en behoudende kommentaar op die teks van die Nuwe Testament. Die reeks was nooit bedoel om 'n hoogs wetenskaplike bespreking van die teks te bevat nie, hoewel die primêre fokus eksegetiese en nie homiletiese kommentaar is nie. Die teikengroep van die kommentaarreeks is Bybellesers (wat ook predikante wat moet preek insluit) wat meer toeligting op die teks verlang sonder om deur massas eksegetiese besprekings te worstel. Hoewel die kommentaar by probleme in die teks stilstaan, wil dit nie as "kritiese" kommentaar bekend staan nie. Werklike eksegetiese probleme wat 'n meer tegniese aanslag vereis, word in "addisionele notas" afsonderlik behandel. Dit help die leser om sy stof te selekteer. Daar is ook van die basiese Griekse grondteks uitgegaan en hier en daar word na die Grieks verwys. Die Grieks word egter

geparafraseer sodat enigiemand die kommentaar kan volg.

Die kommentaar bevat ook 'n inleiding waarin daar aan die skrywer, sy aangesprokenes en die boodskap aandag gegee word. Die besprekings is duidelik en Stott kies deurgaans vir die meer konserwatiewe moontlikheid. Dit geld deurgaans vir al sy besprekings. Hy probeer nie nuwe of vreemde teorieë nie. Die voordeel hiervan is daarin geleë dat by die gevestigde standpunte gehou word. Die minder ingeligte leser word derhalwe nie verwar of sommer op die verkeerde pad geplaas nie. Die nadeel is egter dat die kommentaar uiteindelik in 'n groot mate net 'n sameflansing van ander kommentare se standpunte is.

In die bespreking van die teks word daar stelselmatig deur die boeke beweeg. Dit is nie 'n teks-vir-teks kommentaar nie, maar perikope word saam behandel. Die belangrikste sake in elke perikope word na vore gebring en bespreek.

'n Belangrike punt om op te let wanneer daar na 'n kommentaar oor een van die Johannese geskifte gekyk word, is of die kommentator daarin geslaag het om die eie gees van Johannes vas te vat en te verwoord. Myns insiens het Stott net gedeeltelik in die doel geslaag. Hy toon wel 'n aanvoeling vir die sterk klem op die liefde en selfs op die sentraliteit van die christologie en soteriologie, maar slaag myns insiens nie heeltemal daarin om die "diepte-struktuur" van die Johannese denke te ontsluit waar die Johannese gedagtes tot 'n eenheid saamvloei nie.

Vanweë die aard van die aanbieding en die kwaliteit van die kommentaar kan die boek aanbeveel word vir persone wat nie 'n gespesialiseerde kommentaar soek nie, maar tog behoudende leiding verlang oor die lees en verstaan van die Briewe van Johannes.

J G van der Watt

D A Carson (ed), *The Church in the Bible and the world*, The Paternoster Press, Grand Rapids 1987, 359 pp.

Hierdie boek handel oor die kerk vanuit 'n aantal verskillende perspektiewe. In die eerste bydrae word 'n aantal beelde vir die kerk in die Nuwe Testament ontleed en aandag gegee aan die Ou-Testamentiese wortels daarvan. Nadruk word gelê op die kerk as 'n plek van aanbidding, as God se verkore volk, sy nuwe volk en die getuigenistaak van die kerk.

In die tweede opstel word na die kerk gekyk as 'n hemelse en eskatologiese grootheid. Ook hier word verskillende metafore vir die kerk ontleed en veral aandag gegee aan die beeld van die liggaam van Christus. Onder die hoof aanbidding in die kerk, word besin oor die plek van die aanbidding, die gedagte van die offer, en die amp van die gelowiges. In 'n hoofstuk wat handel oor die bediening in die kerk word breedvoerig ingegaan op, onder andere, die vrou in die amp. Klem word gelê op die feit dat die gawes van die Gees geen onderskeid maak tussen geslagte nie, maar dat daar duidelike aanduidinge bestaan dat die vrou met sulke gawes dit nie mag gebruik op so 'n wyse dat die hoofskap van die man daardeur in gedrang kom nie. Aangesien die kerk in 'n sekere sin gesien moet word as verlengstuk van die huwelik, beteken dit dus dat die vrou nie in 'n lerende posisie of amp aangestel mag word nie. Die afdeling oor sending gaan in op die hele probleem van kontekstualisasie, gee aandag aan verskillende modelle en kies uiteindelik vir dié van die organiese.

Ten slotte kom aan die orde die kerk in die moderne tyd en aandag word gegee aan sinkretisme, sekularisasie en vernuwing. In bepaalde kringe van die Wêreldraad word trekke van sinkretisme gevind, waar die finaliteit van die openbaring van God in Christus bevraagteken word. Deel van die kerk in die moderne tyd is ook die vervolging van die kerk in verskillende dele van die wêreld, waar gelowiges vir hulle oortuiging moes sterwe.

Hierdie boek is geskryf uit 'n diepe erns oor die leerstuk aangaande die kerk en sy optrede in die wêreld. Al sou mens nie met alle konklusies saamstem nie, is hier op 'n verantwoordelike wyse gehandel en ewewigtige konklusies word getrek.

J A Heyns

J Alex van Wyk, *'n Christelike etiek van die arbeid*, NG Kerkboekhandel, Pretoria 1988, 180 pp. Prys R29,50.

Prof van Wyk, in lewe verbonde aan die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Noorde, het met hierdie werk, wat hy gelukkig nog kon afhandel voor sy skielike heengaan op 11 Februarie 1985, 'n monument nagelaat. 'n Monument van voortreftlike Bybels-georiënteerde navorsing van helder denke, van 'n trefseker skryfstyl en intense betrokkenheid by en belangstelling in die Suid-Afrikaanse samelewing waarin miljoene mense vanuit verskillende kulturele agtergronde en daarom in verskillende omstandighede besig is met hulle daaglikse arbeid.

Hy verklaar inleidend dat menslike arbeid in die groot verband van God se voortdurende werk verstaan moet word, en dat hy met sy studie so 'n geldige, relevante agtergrondformulering uit die arbeidsetiek wil aanbied. Intussen bied die skrywer egter veel meer omdat hy ook na heel konkrete arbeidsprobleme ook in die Suid-Afrikaanse samelewing aandag gee. Hy wys op die veelsydigheid van die begrip arbeid, maar beskryf arbeid tog as 'n opdrag van God aan die mensheid as geheel, om met rentmeesterlike verantwoordelikheid aan die onderhouding en die uitbouing van die skepping te werk, met fisiese en geestelike kragte en tot sy eie voordeel. Dit bied hom dan die geleentheid om verskillende teologiese aspekte nader uit te werk.

Ná 'n onderskeiding tussen die begrippe etiek en etos en 'n kort historiese oorsig oor die ontstaan van die Protestantse werketos, en die hooftrekke van die Westerse werketos, begin hy met die eintlike analise. Hy stel dat vryheid om te werk die uitgangspunt moet wees omdat die mens se werk binne die terrein van God se gebod val en die mens daaraan in vryheid gehoorsaam is. Daarna gee hy aandag aan wat hy noem die raamwerk van God en mens, die werk van die mens, en met name die norme daarvoor en die doel daarvan. Hy praat ook van die vier asse waarbinne die mens sy werk verrig, nl die verhouding tot God, tot die aarde, die samelewing en die mens self. Hy gee vervolgens aandag aan die mens en sy omgewing, en die verhouding van arbeid en politiek, asook aan die rol van die staat en die plek van vakbonde. Hy handel ook oor die riglyne vir werkgewers en werknemers.

'n Breë spektrum van probleemareas word aan die orde gestel met as verblydende resultaat aan die einde 'n oorsigtelike beeld van die arbeidsfenomeen.

Op enkele kleiner sake sou kritiek gelever kon word: die skrywer sê arbeid is nie 'n doel in sigself nie, maar staan primêr in diens van. Mens sou kan vra, Is arbeid nie diens nie, en met name diens aan God? Eintlik is dit die intensie van die skrywer, maar waarom dan die swaar aksent op die dienskarakter? Mens sou ook kan vra of dit inderdaad so is dat God se werk met die skepping as 'n "selfbeperking" van Hom verstaan moet word. Maar soos gesê, dit is kleiner sake. Hierdie werk kan van harte aanbeveel word.

J A Heyns

N L Geisler en W Corduan, *Philosophy of religion*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1988 (2nd ed), 402 pp. Prys R59,00.

Ten spyte van sekuralistiese vermoedens en voorspellings dat die moderne mens mondig word en geen behoefte meer aan godsdiens sal hê nie, blyk dat religieuse oortuigings nog steeds 'n belangrike krag in die lewe van baie hedendaagse mense is. Dit blyk ook dat, alhoewel van tyd tot tyd probeer word om God as onderwerp uit die wysgerige besinning te verwyder, die godsdiensfilosofie 'n dissipline is wat nog steeds besonder kragtig ontwikkel. Hiervan is die opvallende groot hoeveelheid godsdienswysgerige boeke wat die afgelope tyd gepubliseer is, 'n duidelike bewys.

Norman L Geisler, professor in die Apologetiek aan Dallas se teologiese seminarium in

die VSA was egter van oortuiging dat daar onder hierdie groeiende aantal boeke nie genoeg was wat die godsdienswysgerige tematiek op 'n bevredigende wyse vanuit 'n positief teistiese standpunt behandel nie. Dit was in hierdie behoefte wat hy in 1974 met die eerste uitgawe van sy *Philosophy of Religion* wou voorsien. Hiermee het hy 'n boek daargestel wat op 'n helder wyse die vernaamste probleemvelde van die godsdiensfilosofie ontleed en antwoorde aanbied vanuit die perspektief van die klassieke teïsme.

Die vier grondvrae aan elk waarvan een van die vier hoofdele van die boek gewy is, is die volgende:

(a) Is daar 'n ooreenstemming tussen 'n objektiewe en transendente werklikheid, en die godsdienslike ervaringe van die mens (Afdeling 1: "God and experience")?

(b) Is dit moontlik om rasonale argumente aan te voer vir die bestaan van God (Afdeling 2: "God and reason")?

(c) Kan 'n mens op 'n verantwoorde wyse oor 'n transendente God in menslike taal praat? En indien dit moontlik is, wat is die implikasies daarvan vir die aard van 'n dergelike taalgebruik (Afdeling 3: "God and language")?

(d) In die laaste instansie kom die vraag na vore: as daar 'n almagtige en algoeie God is, hoe moet 'n mens dan die verskynsel van die kwaad in hierdie wêreld verklaar (Afdeling 4: "God and evil")?

In hierdie vier hoofafdelings van die boek word die vernaamste aspekte van die grondvrae wat daarin behandel word aan die orde gestel aan die hand van klassieke en kontemporêre tekste. Die hoofdoel is nie soseer om oorspronklike argumente te ontwikkel nie; die outeur streef eerder daarna om die teistiese aksent in die geskiedenis van die godsdiensfilosofie op die voorgrond te laat tree. Die resultaat is 'n boek wat uitstekende diens kan lewer aan studente in die godsdiensfilosofie. Dit geld des te meer van die tweede uitgawe van hierdie boek wat in 1988 deur Winfried Gorduan van die Taylor-universiteit in die VSA saam met die oorspronklike outeur, Norman Geisler, uitgegee is. Wat hierdie tweede uitgawe so 'n goeie handboek maak, is die feit dat daar 'n hele aantal didaktiese hulpmiddels aan die oorspronklike uitgawe toegevoeg is. So is by elkeen van die vier hoofafdelings 'n lys vrae geplaas wat die student na bestudering van die betrokke afdeling moet kan beantwoord. Besonder nuttig is ook die noukeurig saamgestelde lys van aanvullende literatuur wat eweneens by elk van die dele gegee word. Die didaktiewe waarde van die boek word verder verhoog deurdat elk van die hoofstukke van die boek van besonder duidelik geformuleerde inleidings en samevattinge voorsien is.

C J Wethmar

M Marshall, *The restless heart. The life and influence of St Augustine*, W B Eerdmans, Grand Rapids, Michigan 1987, 152pp. Prys \$19,95.

Die skrywer sê duidelik in die inleiding dat dit nie 'n boek is vir geleerdes nie, maar vir die leek. Nadat hy in 1972 Peter Brown se biografie van Augustinus gelees het, was hy so beetgepak daardeur dat dit voortaan sy stokperdjie was om alles oor dié kerkvader te lees en te versamel. In 1985 is sy droom vervul en het hy met 'n mede-priester Charles Bewick, 'n amateur fotograaf, 'n pelgrimstog onderneem en Augustinus se voetspore gevolg van sy geboorteplek tot sy laaste rusplek in die kerk in Pavia. Bewick het oral foto's geneem en die resultaat

is die eerste volledig geïllustreerde lewenskets van Augustinus in Engels (bl. 7).

Die outeur begin deur in sy eerste hoofstuk die agtergrond te skets van die Romeinse wêreld waarbinne Augustinus gebore is. Daarna vertel hy van Augustinus se geboorte, sy ouers, skoolopleiding, sy soeke na die waarheid, sy oorgang na die Manicheïsme, sy vertrek na Rome en sy verblyf in Milaan. Augustinus se uiteindelijke bekering word treffend beskryf en die hele gebeure rondom die doop van die nuutbekeerdes in die kerk word goed geteken.

Augustinus se terugkeer na Afrika en sy verkiesing tot biskop kom vervolgens aan die beurt. Tussendeur is telkens kronologies na die geskifte van Augustinus verwys maar in hoofstuk sewe word die kerkvader as skrywer geteken. Hoofstuk agt beskrywe Augustinus as die teologiese kruisvaarder in sy stryd met die Donatiste. In hoofstuk nege word die val van Rome in 410 beskrywe asook die kerkvader se grootse werk, die *De civitate Dei*. Die slothoofstuk handel oor Augustinus se laaste jare, sy stryd met Pelagius, die koms van die Vandale en sy laaste dae en sterwe. In die epiloog word vertel hoe Augustinus se beendere uiteindelik in die kerk in Pavia finaal te ruste gelê is.

Die skrywer slaag uitnemend daarin om die verhaal van Augustinus se lewe en stryd vir ons te beskryf. Die werk lees maklik en lekker en die foto's dra daartoe by dat mens byna voel dat jy dit alles persoonlik gesien het. In die eerste hoofstukke kan die skrywer soms 'n bietjie prekerig raak, waar hy telkens verwys na die verkeerde pad wat die jong Augustinus bewandel het. In hoofstuk 8 waar hy oor die kerkvader se stryd teen die "ketters" handel, merk hy tereg op dat wat in die een eeu as ortodoks beskou word, in die volgende eeu soms as kettery bestempel kan word. Augustinus se aandeel in die staat se onderdrukking van die Donatiste word baie bolangs beskryf en sy beroemde woorde "dwing hulle om in te kom" word nie genoem nie. Die stryd tussen Augustinus en Pelagius word só beskryf dat die nie-teologiese leser dit goed sal kan begryp. Augustinus het, volgens die outeur, baie goed daarin geslaag om tussen die uiterstes deur te beweeg. In sy laaste jare het hy egter wat die predestinasie betref, aldus Marshall, God se inisiatief in die mens se verlossing so beklemtoon dat hy die deur oopgestoot het vir die latere ekstreme posisie wat deur die Calvinisme verteenwoordig is (bl. 139).

In die geheel gesien is dit 'n mooi boek. Die foto's is goed gekies en illustreer telkens die teks baie goed. Hoewel dit nie vir die vakman is nie, kan dit met groot vrug ook deur die vakman gelees word. Vir die wat meer van die groot kerkvader uit Afrika wil weet, is daar 'n kort geselekteerde bibliografie. Die skrywer slaag myns insiens goed in sy doel van "popularizing and making attractively accessible the character and features of one of the greatest saints in Christian history" (bl. 8).

C F A Borchardt

R H Bremmer, *Herman Bavinck 1854–1921*, Instituut vir Reformatoriese Studie (F2 no 45), Potchefstroom 1988, 31pp. Prys R4,00.

Hierdie werkie is die tweede in die reeks *Moderne reformatoregalerie*, en die outeur het reeds twee werke oor Bavinck die lig laat sien, naamlik *Herman Bavinck als dogmatikus* en *Herman Bavinck en zijn tijdgenote*. Uit die pen van 'n kenner kry ons dus in kort bestek 'n goeie tekening van Bavinck sowel in sy krag as in sy gebreke.

Gebore in 1854 (die presiese geboortedatums word nie aangegee nie) in 'n gesin waarvan die vader in 1853 tot die geledere van die Afskeies oorgegaan het, het Herman sy teologiese opleiding in Kampen en Leiden gehad. In 1879 het hy vir Abraham Kuyper ontmoet wat die jong Herman se potensiaal raakgesien het en vir hom 'n professoraat aan die te stigte Vrije Universiteit aangebied het. Herman het die benoeming aanvaar maar dit later teruggetrek. Hierdie besluiteloosheid het hy skynbaar van sy vader geërf wat in 1854 ook nie

kon besluit oor 'n benoëning as dosent aan die Teologiese Skool in Kampen nie en toe twee briewe geskrywe het: die een wat gepos is, was die bedankingsbrief.

Na 'n bediening van twee jaar in Franeker, word Bavinck in 1883 in Kampen as hoogleraar bevestig. In 1889 het hy weer 'n benoëning aan die VU ontvang maar weer eens bedank. In 1891 het hy in die huwelik getree en een dogter is uit die huwelik gebore. In 1892 vind die vereniging plaas tussen die kerke van die Afskeiding en Doleansie en Bavinck word 'n professoraat in Ou Testament aan die VU aangebied in 1893. In 1894 aanvaar hy dit net om dit 'n tydjie later weer te herroep. Bavinck het hom nou beywer vir een opleidingsplek vir predikante, naamlik dat opleiding te Kampen na Amsterdam verplaas word. Die voorwaarde hiervoor was egter dat die VU direk onder die beheer van die sinode moes staan wat beroeping van professore en finansies betref. Die VU was egter nie hiervoor te vinde nie en daar vind 'n afkoeling plaas in die verhouding tussen Bavinck en Kuyper. Toe Kuyper in 1901 die leerstoel in Dogmatiek ontruim om eerste minister te word, is Bavinck weer vir die pos deur die senaat van die VU benoem en hierdie keer het hy dit aangeneem. Daar het hy sy laaste lewensjare vrugbaar deurgebring tot sy dood op 29 Julie 1921.

Bavinck sal veral onthou word vir sy monumentale vierdelige werk *Gereformeerde Dogmatiek* (tweede druk 1906-1911). Bremmer behandel in die laaste deel van sy werk enkele grepe uit die teologie van Bavinck. Veral sy skryfleser waarin hy die organiese inspirasieleer ontwikkel het, het tot 'n verruiming en vernuwing in die gereformeerde skrifondersoek gelei, volgens Bremmer. Die skrywer wys op enkele punte van kritiek wat Bavinck op Kuyper gehad het asook op verskilpunte tussen die twee, onder andere die leer van die algemene genade, oor die wedergeboorte en leer oor die kerk.

Die vertaling van Bremmer se werk in Afrikaans deur Bennie van der Walt is goed en lees lekker, maar is op enkele plekke te letterlik. Die deursnee Afrikaanse leser en student vandag sal miskien nie weet dat die minister-president by ons 'n eerste ministe genoem word nie. Daar is min setfoute waarvan die belangrikste die uitlaat van *reformata semper* in die bekende spreuk op bl. 1 is. Dit is in die geheel gesien 'n nuttige werkie oor 'n teoloog wie se werke in Suid-Afrika veel gelees is en nog steeds bestudeer word. Ons sien uit na verdere nommers in die reeks en die IRS verdien ons dank en waardering.

C F A Borchardt

B J van der Walt, *Mens- en Christenwees in Afrika*, Instituut vir Reformatoriese Studie (F2 no 41), PU vir CHO, Potchefstroom 1988, 67 pp. Prys R6,00.

Die boekie is 'n verwerking van 'n referaat wat die skrywer in Augustus 1986 gelewer het op 'n internasionale simposium wat gehandel het oor: **On being human; Anthropology in Christian perspective.**

Die skrywer, direkteur van die Instituut vir Reformatoriese Studie en professor in Filosofie, ontleed eers drie opeenvolgende stadia van mens- en gemeenskapsbeskouing in Afrika, naamlik Kommunalisme (die tradisionele lewens- en wêreldbeskouing), Sosialisme (veral in die vorm van Afrika-humanisme in Zambië) en ten slotte Kommunisme (in die vorm waarin dit neerslag gevind het in die Volksrepublieke van Afrika met die klem op die Marxisme-Leninisme van Zimbabwe). Deurgaans val die klem op die mensbeeld van die stelsels.

Die skrywer gaan dus in die eerste plek die mensbeeld van tradisionele Afrika na. Hy wys op die sterk punte daarvan maar skroom ook nie om die skadukante daarvan uit te lig nie. Die vraag van hoe 'n omvattende Christelike lewensbeskouing kan posvat te midde van die tradisionele beskouinge word aangesny maar nie voldoende beantwoord nie.

Vervolgens word kortliks verwys na die opkoms van Afrika-sosialisme in post-koloniale Afrika en word dieper ingegaan op Zambiese Humanisme as uitingsvorm daarvan. 'n Mens

kry groter begrip vir ontwikkelinge en uitsprake in Zambië as die ideologie daaragter beter verstaan word. Tog kon Zambiese Humanisme vanweë sy ideologiese karakter nie daarin slaag om die inwoners hulle volle menswees te laat ontdek nie.

In die derde plek kom die tweede golf van sosialisme aan die beurt. Dit is die sogenaamde "wetenskaplike Sosialisme" in die vorm van Marxisme-Leninisme. Hier word die standpunte weergegee van twee leiers in Zimbabwe, nl Robert Mugabe en Canaan S. Banana. Die skrywer kritiseer die standpunt van Banana wat 'n kerk van die proletariaat bepleit waarin kerkmense die draers van die rewolusie moet wees. Volgens Banana is geweld in die stryd 'n geregverdigde middel.

Die skrywer huiwer nie om dit 'n dodelik gevaarlike teologie te noem nie waarin in werklikheid Kommunisme onder die dekmantel van die Christendom verkondig word.

Hierdie ontwikkelinge is baie relevant vir ons in Suid-Afrika waar al hoe meer probeer word om kerke te mobiliseer vir die rewolusie en waar in die proses vryelik van Marxistiese terminologie gebruik gemaak word.

Vervolgens vra die skrywer, waarheen is Afrika op pad en waarheen is ons in Suid-Afrika op pad? Volgens hom is daar drie modelle vir verandering in Suid-Afrika: die *evolutionêre* wat slegs wil verander "as die tyd ryp is"; die *resolusionêre* wat 'n rewolusie op Marxistiese model wil ontken; en die *reformatoriese* model wat die skrywer voorstaan en waarin voortdurend die stryd aangeknop word teen kwaad en onreg.

Die skrywer wys daarop dat te midde van al die ideologiese gisting in Afrika daar 'n geweldige behoefte bestaan aan leidinggewende literatuur.

Ten slotte word die Christelike mensbeskouing en samelewingsbeskouing aangebied as die antwoord op die krisis van Afrika. Die skrywer gee dan die hooflyne van 'n Bybelse mensbeeld en samelewingsvisie.

'n Geweldige tema is aangesny in die kort bestek van 60 bladsye. Die leemte van die boek is dan ook sy beknoptheid en gebrek aan beredenering van standpunte. Vir iemand wat egter in 'n neutrop die probleme van menswees in Afrika wil leer ken, is hierdie boekie 'n waardevolle samevatting wat 'n baie gebalanseerde ontleding gee en duidelike skriftuurlike riglyne trek vir die rigting waarin menswees en samelewings in Afrika behoort te ontwikkel.

D Crafford

P J Rossouw (red), *Gereformeerde ampsbediening*, NG Kerkboekhandel, Pretoria 1988, 366 pp. Prys R48,00.

Die uitgewer het die boek keurig versorg en uitgegee. Dit is 'n sieraad vir die boekrak. Dit is veral die inhoud wat 'n groot indruk maak. Dit is verder opvallend dat nie net Praktiese Teoloë aan die woord kom nie. 'n Hele leërskaar van teoloë oor die wêreld heen neem aan die teologiese gesprek deel. Ou Testamentici, Nuwe Testamentici, Dogmatici, 'n Kerkregtelike, 'n Sendingkundige en natuurlik Praktiese Teoloë belig die gereformeerde ampsbediening vanuit hulle vakgebiede. Die medewerkers betuig hulle almal as gesoute vakmanne. Daar kan van 'n panoramiese visie op die één sentrale fokuspunt, nl die gereformeerde ampsbediening gepraat word. Die groot wins in die benadering is dat 'n teologiese diepgang in die hand gewerk word. Die belangrikheid van die amp vir die gereformeerde teologie staan soos 'n paal bo water. Om net na twee voorbeelde te verwys: Die sentrale plek wat Calvin aan die amp in die Christologie toeken, het ingrypende konsekwensies vir die kerklike praktyk. In plaas van Praktiese Teologie (dit is die teologiese besinning oor die kerklike praktyk) het die naam Amptelike Teologie in sekere gereformeerde benaderings vroeg al staanplek gekry. Wanneer 'n leërskaar van gedugte teoloë in een werk aan die woord kom, bestaan die gevaar dat 'n fragmentariese indruk gewerk kan word. Die boek kan die gevaar nie heeltemal ontken

nie, en tog is die laaste indruk die van diepgang en deeglikheid. In een sin: die wins is oneindig groter as die verlies.

Dit is juis die ontwerp wat die gedagte van 'n teologiese geheel versterk. Die volgende brugbouers kom voor: Bybelse perspektiewe, reformatoriese perspektiewe, fundamentele perspektiewe en konkretiserende perspektiewe. In 'n slotsom word die verhouding tussen Christus, amp en gemeente belig.

Daar is talle teologies en kerklik boeiende en aktuele sake wat in die boek aangespreek word. Om enkele voorbeelde te noem: 'n Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese ampsiening, charisma en amp, kerk, sending en amp, amp en heil, amp en erediens, amp en prediking, amp en katechesis, amp en pastorale gesprek, die amp en die vrou en nog veel meer ...

Prof Prinsloo se artikel oor die ontwikkeling en funksionering van die "amp" in die Ou Testament en die van proff du Rand en Venter oor aspekte van die amp in die Nuwe Testament bied Bybelse grondstof waarsonder daar nie oor die amp besin kan word. Daar hoef natuurlik nie met alles saamgestem te word nie. So maak Trimp 'n sterk saak uit vir die handhawing van die Kuyperiaanse fonds Diakonologie. Deesdae deel almal nie sy keuse nie. Sy opstel daag en nooi uit tot verantwoording. Oor die grondmotief van die amp as dienslewering aan God en sy gemeente kan daar geen verskil van mening bestaan nie. In ons dag word ons oorstroom deur artikels en boeke op die terrein van gemeentebou. Dit spreek vanself dat nie alles wat geskryf word die toets van die tyd kan deurstaan nie. Velema se bydrae val nie in dié kategorie nie. "Geen geestelike groei sonder Christus! Met prof Barnard se klem op die Christologiese geheim van die ampte kan maar net saamgestem word. Die Pneumatologiese perspektief op die ampte kon na my mening 'n bietjie meer aandag gekry het. As die gedagtes van prof Barnard oor die rol van die amp in die erediens ter harte geneem word, kan dit meewerk tot 'n sinvolle vernuwing van die erediens. Dr Prins maak belangrike opmerkings oor die lering as wesensfunksie van die kerk. Oor die opmerking dat die naderliggende doelstelling van die kategetiese onderrig die toelating tot die nagmaal en belydenisaflegging is, is die laaste woord nog nie gespreek nie. Die vraag of huisbesoek nog dienlik is, word in ons dag druk bespreek. Dr P J Rossouw toon duidelik aan dat die amp en huisbesoek onlosmaaklik verbonde is. Huisbesoek is onvervangbaar, en dit kan weer 'n vreugde wees! Hiertoë bied dr Rossouw rigtinggewende begeleiding. Prof K Deddens oordeel dat vroue nie in die amp mag dien nie. Dit is 'n hoogs omstrede saak: daar is in die kerklike praktyk in Suid-Afrika ook ander perspektiewe op dié saak. Prof A J Smuts wys daarop dat die amp in die pastorale gesprek 'n aspek is wat in die verlede onderwaardeer is. Daarom is sy bydrae so tydige. Die wins van elke artikel sou aangetoon kon word. Maar genoeg.

Dr Rossouw kan gelukkig word met 'n voortreflike en suksesvolle projek. Dit is 'n groot bydrae op die gebied van die Praktiese Teologie. Dit is ook 'n bewys dat die verskillende teologiese dissiplines mekaar nodig het in belang van die Teologie. Die boek is verder 'n diens aan die kerk. Dit is 'n móet vir teoloë, studente, predikante en belangstellende lidmate (almal stel eintlik belang!)

C J A Vos

J Daniel Bauman, *Introduction to contemporary preaching*. Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1988, 302 pp.

Die boek van Bauman het reeds in 1972 verskyn. Die 1988-produk is in sagteband. Die titel van die boek verklaar sy voorneme: dit is oriënterend van aard, maar dié feit maak dit nie minder waardevol nie. Dit bring vanselfsprekend mee dat die werk soms in diepgang inboet. Die

wins is egter dat dit 'n panoramiese visie oor die prediking bied.

Bauman se definisie van prediking lui soos volg: "Preaching is the biblical truth by man to men with the explicit purpose of eliciting behavioral change." 'n Enkele kritiese opmerking oor die definisie: dit is teologies meer verantwoord om eerder van lewensverandering as gedragsverandering te praat. Die definisie word in drie dele onder die volgende opskrifte uitgewerk: kommunikasie, Bybelse waarheid, gedragsverandering. Bauman gee in die eerste deel aandag aan kommunikasie as proses. Hy bespreek die bestanddele van kommunikasie onder die volgende temas: bron (prediker), boodskap, medium, ontvanger. Hy wys daarop dat die prediker, die gehoor, die konteks van die erediens, en die metodes van prediking in die kommunikasieproses 'n beduidende rol speel. Die tweede deel wy hy aan die Bybelse waarheid. Hy noem sewe kenmerke van 'n Christelike preek; bespreek die proses van die ontvouing van 'n preek; onderskei verskillende soorte preke; dui die gebruik van die teks in prediking aan. Alle aspekte van die voorbereiding van die preek en die lewering daarvan kry indringend aandag. In die derde deel word die verandering wat die preek beoog bespreek. In dié verband speel die doel van die prediking, die dinamiek van verandering, die toepassing, dialogiese prediking en die Pneumatologie 'n belangrike rol. Dit is meer as die moeite werd om oor die sake wat Bauman aan die orde stel, te besin.

Bauman wys op die volgende vier vorme van prediking: kerugmaties, didakties, terapeuties, profeties. Dit sou na my mening beter wees om eerder van parakleties as van terapeuties te praat. Die gehoor van die prediking is volgens Bauman die gelowiges behalwe in die geval van die kerugmatiese prediking. Dit is egter 'n verskraling van die kerugmatiese prediking. Die kerugma moet óók op die ore van die gelowiges weerklink. Die doel van die kerugmatiese prediking is om te red; die didaktiese prediking om te onderrig; die terapeutiese prediking het ten doel om persoonlik te genees en die profetiese prediking om sosiaal te genees. Hieruit blyk dat die evangelie die hele mens en sy leefwêreld omvat en omvorm. Sekere verkenninge wat nog nie in 1972 in die teologie neerslag gevind het nie, word nie in die boek gereflekteer nie. 'n Voorbeeld hiervan is die ontwikkelinge op die gebied van die pragmatiek. Dié literêre teorie het wel deeglik 'n woord vir die teologievorming.

Dit wat reeds oor die prediking in 1972 vóórgeskryf is, word in ons dag nog nageskryf. Om dié rede alleen is dit die moeite werd om die boek aan te skaf en noukeurig te lees. Nie net teoloë nie, maar ook predikante wat dit hulle werk maak om te preek sal in die boek vreugde vind.

C J A Vos

David G Benner (ed), *Christian counselling and psychotherapy*, Baker Book House, Grand Rapids 1987. 266 pp.

LeRoy Aden & J Harold Ellens (eds), *The church and pastoral care*, Baker Book House, Grand Rapids 1988. 201 pp.

Hierdie twee publikasies is die eerstes van 'n nuwe reeks wat onder die titel *Psychology and Christianity* verskyn en wat volgens aankondiging opgevolg gaan word deur 'n hele aantal verdere titels, wat almal op een of ander manier handel oor die verband tussen sielkundige en teologiese insigte ten opsigte van verskillende sake. Die 31 bydraes van 28 skrywers waaruit *Christian counselling and psychotherapy* saamgestel is, het almal voorheen in die vorm van artikels in die tydskrif *Journal of Psychology and Christianity*, die blad van die "Christian Association of Psychological Studies" (CAPS) verskyn. Die feit dat dit tans in verskillende rubrieke georden is en in boekvorm verskyn, maak dit vir 'n wyer leserskring toeganklik. Die doel van hierdie organisasie is om Christelike beraders te help om hulle psigoterapie in lyn met hulle Christelike geloofsoortuigings te beoefen.

Christian counselling and psychotherapy handel oor die verband tussen pastorale

beraad en psigoterapie. Nadat belangrike grondvrae bespreek is, kom enkele psigoterapeutiese terapieë en tegnieke aan die orde, soos hipnose. Die tweede helfte van die boek bestaan uit 'n aantal gevallestudies, waar 'n verskeidenheid interessante gevalle deur 'n reeks terapeute bespreek word.

The church and pastoral care is weer sterker op die teologiese aspekte van die pastoraat ingestel. Nadat die pastorale sorg in die VSA lank sterk onder die invloed van die sielkunde gestaan het, is daar tans by 'n groot aantal invloedryke teoloe 'n duidelike wending terug na die teologiese grondslae van die pastoraat. Daaromtrent skryf die redakteurs: "The move back to theological foundations is well under way. Clinical pastoral educators, who once were in the forefront of the move toward psychology, are regaining a serious interest in theology. And in the last fifteen years theorists in the field have taken a firm hold of the role of theology in pastoral concerns ... This monograph continues and, we hope, extends the discussion." Vooraanstaande Amerikaanse teoloe soos Donald Capps en Thomas Oden het weldeurdagte bydraes tot hierdie publikasie gelewer.

Albei werke het die nadeel dat hulle saamgestel is uit 'n uiteenlopende aantal kort bydraes deur verskeie outeurs. Dit is klaarblyklik die wyse waarop talle boeke in ons tyd gemaak word. Vir die diepgang en eenheid wat hierdeur opgeoffer word, word vergoed deur die rykdom van verskeidenheid. Uiteindelik stem die verskillende outeurs egter almal oor die basiese dinge saam en is die boodskap wat uit die twee boeke kom, helder en duidelik. Dit is 'n verblydende verskynsel dat pastorale beraders tans so ver gevorder het dat hulle op 'n deskundige manier van die sielkunde, met sy verskeidenheid psigoterapeutiese tegnieke, gebruik kan maak sonder om hulle eie identiteit as pastors in die proses prys te gee. Die nuwe belangstelling in teologiese vrae in die pastoraat is ook 'n mooi ontwikkeling, veral in 'n land soos die VSA waar die klem gewoonlik meer op die praktyk as op die beginsels val.

A J Smuts

David G Benner (ed), *Psychology and religion*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1988, pp. 343. Prys \$12,95.

Hierdie werk is 'n nuttige versameling bondige artikels wat almal op een of ander manier te doen het met die verband tussen sielkunde en godsdiens. Dit bestaan uit bydraes wat voorheen in 'n groter werk gepubliseer is, naamlik die *Baker encyclopedia of psychology* (1985).

Die boek is verdeel in drie hoofafdelings:

1. Godsdienssielkunde
2. Sielkunde in Christelike perspektief
3. Christelike sielkunde.

Die leser wat in kort bestek 'n betroubare beoordeling omtrent sake soos geloofsgenesing, naby-dood-ervaringe, die sielkundige aspekte van bekering, parapsigologie, twyfel, volwassenheid, Bybelse antropologie en Christelike sielkunde, innerlike genesing, en talle ander temas soek, sal dit hier vind.

Die skrywers is kliniese sielkundiges en psigiaters en is almal persone wat goed ingegrawe is in die sielkunde en terselfdertyd ook teologies behoudend is. Die name van sommige, soos S Bruce Narramore, H Newton Maloney en J Harold Ellens is in ons land redelik algemeen bekend en dui ook aan in watter rigting gedink en gewerk is. Die bedoeling van die skrywers is naamlik om 'n brug te bou tussen die wetenskap en praktyk van die sielkunde

enersyds en die Christelike geloof andersyds. Dit is die soort boek wat interessant is om in rond te blaai en te lees oor sake waaromtrent talle mense in ons dag vrae stel, en ook handig is om op jou rak te hê wanneer iets nageslaan moet word.

A J Smuts

R W Pazmino, *Foundational issues in christian education. An introduction in evangelical perspective*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1988, 232 pp.

'n Besinning oor die Christelike opvoeding lei tot 'n insig in die pre-paradigmatiese aard daarvan. Die term pre-paradigma verklaar dat 'n bepaalde akademiese veld nog nie 'n eie paradigma ontwikkel het nie (vgl Thomas Kuhn). Dit is in die fisika en biologiese wetenskappe moontlik om vasstaande paradigmas te onderskei. In die sosiale wetenskappe en opvoedkunde is alles meer vloeibaar. Dit hang natuurlik saam met die feit dat dit in dié wetenskappe om die mens gaan. Met reg toon Pazmino aan dat enige opvoedkundige konsep of praktyk onvolledig en gevolglik steeds aan nuwe insigte blootgestel is. Die pre-paradigmatiese aard van die opvoedkunde vra dat elke nuwe geslag opnuut aan die opvoedkundige grondslae aandag moet gee.

Dit is ook die onderneming van Pazmino. Hy verklaar dat daar in die opvoedkunde 'n behoefte aan 'n balans tussen kontinuïteit en verandering is. Die kontinuïteit lê daarin dat die Bybelse waarhede die Christelike geloof en die opvoedkundige weë begelei. Die behoefte aan verandering word vervul wanneer die Bybelse waarhede op spesifiek kulturele, sosiale en persoonlike veranderlikes toegepas word.

Pazmino handhaaf die gesag van die Bybel in die opvoedkundige proses. Daar is verskillende grondslae wat meesprek in dié proses. Die skrywer onderskei die Bybelse en die teologiese, die filosofiese, die historiese, die sosiologiese, die psigologiese en curriculum-grondslae. Hieroor verstrek die skrywer boeiende insigte en inligting. Hy laat nie na om die lig van die evangelie op die leëwêreld as plek waar die opvoedkundige grondlyn gekonkretiseer moet word, te laat val nie. Dit beteken natuurlik nie dat oor alles met Pazmino saamgestem hoef te word nie. Sy Skrifhantering is net hier en daar 'n bietjie eklekties (vgl bv op p. 85 oor Ps 24).

Die lees en weerlees van die boek word van harte aanbeveel vir almal wat op een of ander wyse belang het by die opvoedkunde. Die boek is ook vir elkeen wat met die Kategetiek gemoeid is, van betekenis.

C J A Vos